

PRODUKSIE VAN GEELKATSTERT UITGEBREI

Suid-Afrika se enigste verwerker van geelkatstert het sy produksiemodel uitgebrei. Benewens sy eie produksie het hy nou ook boere wat op kontrak lewer.

Mnr. Will Coetsee, besturende direkteur van Botanica Natural Products (BNP), sê die maatskappy verskaf die klein *Bulbine frutescens*-plantjies aan die boere met wie hulle 'n kontrak gesluit het om die volwasse produk te koop. Die fabriek, waar die blare van die plant volgens 'n gepatenteerde metode gepers word, is op BNP se plaas 40 km wes van Alldays in Limpopo. Daar word geelkatstert organies op 15 ha verbou.

Die oorspronklike plant se eienskappe is deur seleksie verbeter om die blare so dik moontlik te kry, vir soveel jel moontlik.

Die plant is baie gehard en groei maklik op verskillende plekke in die land. Dit hou nie van ryp nie en het genoeg water nodig, asook grond wat goed dreineer.

Sowat 80% van die plant word geoes en die jel daaruit gepars. Die jel se eienskappe is volgens Coetsee soos dié van *Aloe vera*. "Dit is strelend, helend en bevogtigend vir die vel."

Sowat 90% van die jel word aan buitelandse kosmetiese maatskappye verkoop. BNPervaardig ook sy eie velsorgreeks onder die handelsmerk Timola.

– CARIEN KRUGER